Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 6 Mei 2010 om 19:30 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:

Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**

Dawie Botes lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**

Dawie Botes & Rina Macdonald word gelukgewens met hul troue.
Walt Katzke en sy vrou word voorspoed toegewens met die geboorte van hul baba binnekort.
Alwin Fleichmann en sy vrou word sterkte toegewens met die geboorte van hul baba in Augustus.

**Teenwoordig:**

| | |
|---|---|
| Hansie Botha | Schalk Robinson |
| Ivy Iveson | AR Fleischmann |
| Wallie van Dyk | Dawie Botes |
| Stefan Fourie | Andre le Grange |
| Belinda Badenhorst | |

**Lede:**

| | | |
|---|---|---|
| B Williams | Rina Macdonald | Wouter Kidson |
| Heinrich Osmers | James Norval | Andre Venter |
| Wikus Haasbroek | W Jonker | H Erasmus |
| Tinus Erasmus | Barend van Niekerk | B Tolmay |

**4. Verskonings.**

| | | |
|---|---|---|
| Abel Botha | Chris Venter | Chris de Wet |
| Johnny Rech | Kallie Osmers | Phillip Robinson |
| Ulie Faurie | Gys Pretoruis | |

Voorsitter (Hansie Botha) Tel: 083-290 0738 Ondervoorsitter Admin (Schalk Robbinson) Tel: 083-700 4885
Sekretaris (Giam Fourie): Tel: 079-509 1071 Ondervoorsitter Opleiding (Walt Katzke) Tel: 082-872 5530
Tesourier (Rob du Plessis) : Tel: 082-856 6000 Sekretaresse : Belinda Badenhorst Tel: 071 8714 710

**5. Vorige notule:**

Die vorige notule word aanvaar. Alwin Fleichmann as voorsteller en deur Ivy Iveson gesekondeer.

**6. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Soos onder verskillende afdelings by Notule ingewerk.

**7. Finansies & Administrasie:**

| | |
|---|---|
| Spaarrekening Saldo: (Kroeg) | R -3.42 |
| BJV Spaar Rekening: (Aanvraag) | R 115 686.42 |
| BJV Tjekrekening: | R 5 245.25 |

Magtiging vir uitbetalings word aan Schalk Robinson gegee, voorgestel deur Alwin Fleischmann en deur Tinus Erasmus gesekondeer.

**8. Nuwe Lede & Toegewyde Status:**

**Nuwe Aansoeke:**

| | | |
|---|---|---|
| Andre Venter | Chris de Wet | Goedgekeur |
| Walter Christie | Kallie Coetzee | Goedgekeur |
| Pieter Vermaak (Jnr) | Pieter Vermaak (Snr) | Goedgekeur |
| Marthinus Christoffel Pieterse | Pieter Vorster | Goedgekeur |
| Byan Hyland | Pieter Vermaak (Snr) | Goedgekeur |
| Petrus Hendrik Vermaak | Dawie van Vuuren | Goedgekeur |
| Francois Bronkhorst | Geen | Goedgekeur |
| Ernst Godfried Human | Walt Katzke | Goedgekeur |
| Craigh Adendorff | Wallie van Dyk | Goedgekeur |

**Toegewyde Jagterstatus**:

| | |
|---|---|
| James Norval | Voorwaardelike goedkeuring aan vereistes |
| DJ Schoeman (Choy) | Voorwaardelike goedkeuring aan vereistes |
| Tertuis Botha | Voorwaardelike goedkeuring aan vereistes |

Lede moet aansoekvorm invul, kursus bywoon, Chasa Eksamen afle, Prakties skiet, gelde betaal, goedkeuring op ‘n vergadering en 3 aktiwiteite vir die afgelope 12 maande indien alvorens ‘n sertifikaat uitgereik mag word.

**9. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid**

Brown se bonus is goedgekeur en sal aan hom uitbetaal word.

**9.2. Klubhuis:**

Tinus Erasmus onderneem om die rakke by die klubhuis binne die volgende week in te sit.

Lowveld Aircon het die lugversorger herstel en kan hul faktuur by die kantoor indien vir betaling.

Dwayne van Weltmart word opreg bedank vir die herstel van die kragbord, insit van nuwe buiteligte en die klubhuis ligte wat herstel is. Die faktuur sal uitbetaal word.

Hansie Botha sal by Rachelle van Attitude Printing uitvind hoe dit met die bemarking en opsit van die borde gaan.

Hansie Botha werk nog aan die skietbaan foto wat op Google earth getrek kan word om die baanuitleg te verbeeld

Hansie Botha sal die onkoste en uitleg van die skietbaan met Carl Osmers opneem.

Alwin Fleichmann het 'n voorstel vir 'n praktiese skietbaan gekry. Hansie Botha en Alwin Fleichmann sal verder gesels en dit bespreek. Hul vra die lede vir skriftelike voorstelle sodat die finale beplanning gedoen kan word.

Die herstel van die pad kan eers plaasvind in die droeër seisoen.

Hansie Botha vra weer vir die skenking van 'n kragopwekker.

Die personeel word bedank vir die netjiese en skoon klubhuis en skietgronde.

**9.3.1 Skietbaan**

Gras vir die skietbaan – Hansie sal met Kallie Osmers praat.

**Die skietbaanhek sleutel kan Saterdae by Florapark Kafee afgeteken word en weer daar teruggeteken word. Belinda Badenhorst sal reel vir 3 duplikaat sleutels. Sy kan ook geskakel word vir enige verdere navrae.**

Die eerste skut per baan sal as baanoffisier optree. Daaropvolgende skuts sal onder die baanoffisier val tensy hulle hoër gekwalifiseer is as die eerste skut en dan sal die baanoffisierstaak aan die hoogste gekwalifiseerde skut oorgegee word tydens informele skietoefeninge.

**9.4 Kroeg**

**9.4.1** Die POS (Point of Sales) moet teen Vrydag 14 Mei 2010 in volle werking wees.

Stefan Fourie skenk R200.00 vir die aankoop van 'n kasregister laai plus borg die eerste jaar se onderhoudsfooi.

Herman word van tyd tot tyd deur die kroeg gekontrakteer om met funksies te help.

**10. Skietdae:**

Die volgende Chasa/Pin skietdag vind plaas op **8 Mei 2010**. Die volgende reelings moet getref word:

* Belinda hanteer die inskrywings.
* Brown moet 4 x Nuwe Rooibok Teikens by elk van die 100m en 200m opsit.

- Brown moet 3 Ou Teikens by die middelste baan opsit en 9 x A3 Teikens plak vir die posskiet.
- Brown moet die stoele en tafels buite die klubhuis neersit.
- Dawie Botes, Ivy Iveson, James Norval, Hansie Botha, Maruis van Rensburg, Tinus Erasmus en Alwin Fleichmann is verantwoordelik vir die opstel van die onderskeie bane.
- Noodhulp tasse is opgegradeer.

‘n Chasa Bekwaamheidsertifikaat kan bekom word indien ‘n lid sy Chasa Teorie met 70% of meer slaag en sy Prakties skiet met 60% of meer slaag. CHASA gee haelgeweer, handwapen, boog en swartkruit plakkers uit wat dan op die sertifikaat geplak kan word.

Die BJV is in die proses om te besluit oor die standardisering en vervaardiging van balkies vir Boogskiet, Haelgeweer, Voorlaaier en Handwapens skiet.

**11. Opleiding:**

Janus het nie opgedaag om sy eksamen te skryf nie en moet dus die volgende kursus skryf.

‘n Versoek vir nog instrukteurs word gevra. Elke Insturkteur moet ten minste 1 lesing in 24 maande aanbied om sy status te behou.

**12. Kleiduif:**

Johnny Rech sal ‘n datum en tyd vir die uitstappie na Cheunies Poort gedurende Mei reel.

**13. Boogjag:**

Die boogjagbaan is agter die klubhuis aangebring en lede is welkom om daarvan gebruik te maak.

**14. Handwapenjag:**

Johan Ehlers sal die CHASA dissipline vir handwapenjag eersdaags gereed hê.

**15. Buskruit:**

Geen

**16. Windbuks:**

Alwin Fleischmann sal nog ‘n datum bepaal vir die Wolkberg Akademie vir windbuks opleiding.

Die windbuksbaan se pale is afgebreek.

**17. Jaggeleenthede:**

Jag geleenthede is beskikbaar vir besigtiging op die web onder lede/jaggeleenthede.

**18. Redaktrise / publikasies / pers**

Lede wat genomineer word vir vakante portefeuljes kan slegs deur die bestuur goedgekeur word en is nie nodig om op ‘n vergadering goedgekeur te word nie.

**18.1. Internet:**

Hansie Botha en oom Abel Botha hanteer nogsteeds die webblad.

**19. Uitvoerende vergadering:**

Hansie Botha, Andre le Grange en Abel Botha het die vergadering op 20 April 2010 bygewoon en gee as volg terugvoer.

Daar word ernstig benadruk dat lede die korrente hoeveelheid ammunisie wat 'n vuurwapeneienaar in sy besit mag hê, volgens die uitgereikte lisensie kategorie waarvolgens dit uitgereik is mag aanhou. 'n Lid mag net 2400 slagdoppies per kaliber geweer he en lede word gewaarsku dat hul baie streng optree teen mense wat met 'n geweer vervoer sonder dat hy sy lisensie by hom het. Lede word gevra om in die wet te bly.

Die ammunisie verskaffers mag nie meer as 200 rondtes aan 'n persoon verkoop alvorens hul nie 'n bewys van die persoon se Toegewyde Jagtersstatus gesien het nie. Die status kom ook op die Vuurwapen lisensie voor.

Indien 'n lid van Seksie 15 oorgaan na Seksie 16 – Geleentheidsjag en intussen sy Toegewyde Jagterstatus gekry het moet die lid aansoek doen vir die omskakeling van die lisensie om binne die wet te bly indien hy meer as 200 rondtes in sy besit wil aanhou.

Vir die oorgaan van Seksie 15 na Seksie 16 kan lede vir **Rene Kruger – 012 446 7933/082 4467 933** of by **084 2078 828** skakel vir enige verdere navrae.

**20. Fondsinsamelings**

Hansie Botha versoek almal om nuwe lede te werf.

**21. Algemeen:**

Nominasies word gevra vir die Sekretaris Portefeulje en die Toegewyde Jagter Portefeulje wat nog nie gevul is nie.

**22. Vuurwapenbevoeghtheid**

Hofsaak is uitgestel tot verdere kennisgewing.

Tinus Erasmus gee terugvoer dat daar 1800 nuwe vuurwapen lisensies en bevoedheidskaartjies by Tzaneen Polisiestasie is.

Sentrale Vuurwapenregister - **012 353 6000/6111** vir navrae.

**23. Vastelling en byvoegings tot die agenda:**

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 3 Junie 2010** om **18:00** by die **Klubhuis.**